# SARS DOEANE LÊ BESLAG OP KRISTAL-METAMFETAMIEN BY OR TAMBO INTERNASIONALE LUGHAWE

**28 Augustus 2022 -** Doeanebeamptes van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het vrag op palette, onderweg na Australië, by die OR Tambo Internasionale Lughawe, onderskep. Die besending, wat verklaar was as veeldoelige glyweerstandige matte, is met fisiese inspeksie bevind om kristal-metamfetamien, met 'n gewig van 785 kg en straatwaarde van R236 miljoen, te versteek.

Na hierdie sukses, is die Suid-Afrikaanse Polisiediens se direktoraat vir prioriteitsmisdaadondersoeke (Valke) van die opsporing en beslaglegging in kennis gestel en die goedere is aan hulle oorhandig vir verdere ondersoek.

SARS-kommissaris mnr. Edward Kieswetter het doeanebeamptes geloof vir hul optrede met die voorkeer van die besending. Hy het gesê: "Ek wil 'n duidelike waarskuwing rig aan die kriminele sindikate, wat ons hawens van binnekoms/vertrek gebruik om hierdie soort misdaad te pleeg, dat ons beamptes attent is en hard werk om sodanige misdrywe hok te slaan. Die uitstekende samewerking met ander wetstoepassende agentskappe by hierdie hawens stel almal van ons in staat om hierdie onwettige aktiwiteite 'n harde slag toe te dien".

Vir meer inligting, kontak asseblief SARSMedia@sars.gov.za.



